2 wesies baie geheg aan mekaar

Renosters speel alte lekker met lammers

Marietie Louw-Carstens

Die twee weesrenosters, Gertjie (links) en Matimba, saam met 'n hanslam, Lammie, by die Hoedspruit-eenheid vir bedreigde spesies in Limpopo.
Foto's: HOEDSPRUIT-EENHEID VIR BEDREIGDE SPESIES

Twee renostertjies wat wees is sedert stropers hul ma's vir hul horings afgemaai het, is soos Dawid en Jonatan.

Dié twee bulkalfies, Gertjie en Matimba, is onafskeidbaar en die trots van die Hoedspruit-eenheid vir bedreigde spesies in Limpopo.

Gertjie, wat byna 'n jaar oud is, is soos Matimba se ouboet en geniet dit om saam met hom in die modder rond te rol. Matimba is 2½ maande oud en is by die sentrum sedert hy twee weke oud was.

Volgens inligting wat die sentrum op hul Facebook-blad gedeel het, "toets" Gertjie sy krag, wat by die dag meer word, teen die kleiner Matimba.

Albei kalfies word sedert verlede jaar by die sentrum versorg nadat hul ma's deur stropers doodgeskiet is. Hulle was so getraumatiseerd dat werknemers hulle pal moes versorg.

Gertjie weeg 'n allemintige 550 kg en het al gras begin vreet. Hy drink steeds sowat 16 liter melk per dag. Daar is lank na 'n maatjie vir hom gesoek en sedert die hanslam Lammie by die sentrum aangekom het, is hulle groot maats.

Matimba weeg 'n raps meer as 150 kg en drink 'n verstommende 21 liter melk per dag. Hy kry meer melk omdat hy nog nie, soos Gertjie, gras vreet nie.

Gertjie het 'n raps minder as 100 kg geweeg toe hy 2½ maande was. Matimba weeg op dieselfde ouderdom 50 kg meer.

Verskeie faktore, soos gene, die voedingswaarde van hul ma's se melk en die seisoen waarin hulle gebore is, dra by tot die verskil.

Gertjie was op 2½ maande nog by sy ma op 'n private wildplaas in die Hoedspruit-omgewing, terwyl Matimba se ma doodgemaak is toe hy maar twee weke oud was.

Matimba, wat "krag" in Tsonga beteken, het ook 'n hanslam, Louis, waarmee hy lekker speel.

Die twee renosters en twee skape stap saam in die veld.

Matimba stel minder belang in mense as Gertjie en dwaal maklik af en stap op sy eie in die veld.

Volgens werknemers is dit opmerklik dat Gertjie al hoe minder toenadering by mense soek sedert hy en Matimba maats geraak het.